

2 November 2009

Produsentnommer:

Geagte Lid

NAVORSING- EN ONTWIKKELINGBESTEDINGTOELAAG

Artikel 11D van die Inkomstebelastingwet, 1962 maak voorsiening vir 'n verhoogde aftrekking (150%) ten opsigte van sekere kwalifiserende navorsing en ontwikkeling ("N&O") uitgawes deur belastingbetalers aangeaan. Die verhoogde aftrekking is slegs van toepassing op sekere soorte N&O-aktiwiteite wat in die Republiek onderneem word, bv. die ontdekking van onder andere nuwe, praktiese en nie voor die hand liggende inligting. Die belastingbetaler moet ook ten doel hê om die resultate van die N&O-projekte in die produksie van sy of haar inkomste te gebruik, of om inkomste daaruit te genereer.

Alhoewel nie al die N&O-projekte deur Winetech onderneem, aan die vereistes van die artikel 11D verhoogde aftrekking voldoen nie, is daar 'n aansienlike aantal N&O-projekte wat wel aan die vereistes van artikel 11D voldoen.

Winetech het 'n bindende klasaanwyng met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) beding waarvolgens die lede van Winetech geregtig sal wees op 'n 150% aftrekking in terme van 'n gedeelte van die N&O-heffings waarvoor hulle gefaktureer word. Die gedeelte van die N&O-heffings wat vir die 150% aftrekking kwalifiseer, sal jaarliks so gou moontlik na die jaareinde van Winetech bereken word. Lede sal per brief in kennis gestel word van die persentasie wat gebruik kan word om die verhoogde aftrekking vir inkomstebelastingdoeleindes te bereken.

Neem ook kennis dat wanneer u finansiële jaareinde nie dieselfde is as dié van Winetech (1 Januarie tot 31 Desember), twee persentasies van toepassing kan wees. Aangesien Winetech eers die lede gedurende die eerste paar maande van die daaropvolgende jaar in kennis kan stel van die persentasie van toepassing op N&O-heffings gefaktureer gedurende 1 Januarie tot 31 Desember, adviseer ons daardie lede om hul belastingopgawes eers in te dien nadat hulle van die toepaslike persentasie in kennis gestel is. Dit behoort nie 'n probleem te wees vir lede wat as regsenteite soos maatskappye of beslote korporasies funksioneer nie (uitgesluit Januarie jaareindes), aangesien die sperdatum vir indiening van hul belastingopgawes 12 maande na hul onderskeie jaareindes is. Lede wat in hul eie naam optree, word geadviseer om aansoek om uitstel vir die indiening van hul belastingopgawes te doen.

Die bindende klasaanwyng is geldig vir 'n tydperk van 5 jaar, beginnende Oktober 2008.

Die toepassing van die bindende klasaanwyng kan met behulp van die volgende twee voorbeelde illustreer word (**neem asseblief kennis dat die gegewens in hierdie voorbeelde slegs ter illustrasie geld**):

Voorbeeld 1 (lid se belastingjaar stem ooreen met dié van Winetech):

Lid A is gefaktureer met 'n bedrag van R100 000 in totaal met betrekking tot N&O-heffings betaalbaar aan Winetech vir die jaar geëindig 31 Desember 2008 (Winetech jaareinde). Winetech bepaal dat lede die artikel 11D verhoogde toelaes in terme van byvoorbeeld, 60% van die N&O-heffings gefaktureer vir die tydperk 1 Januarie 2008 tot 31 Desember 2008 kan eis. A het dieselfde finansiële jaareinde as Winetech, dus 1 Januarie 2008 tot 31 Desember 2008. A sal dus nie net die R100 000 as 'n aftrekking vir belastingdoeleindes kan eis nie (soos hy in die verlede gedoen het) maar hy sal ook 'n **addisionele** R30 000 ($R100\ 000 \times 60\% \times 50\%$) as artikel 11D verhoogde aftrekking kan eis. Lid A sal dus daarop geregtig wees op 'n totale aftrekking van R130 000 in terme van die heffings deur hom aan Winetech betaal.

Voorbeeld 2 (lid se belastingjaar stem nie ooreen met dié van Winetech):

Lid B is gefaktureer met 'n bedrag van R100 000 in totaal met betrekking tot N&O-heffings betaalbaar aan Winetech in terme van Lid B se finansiële jaar wat op 30 Junie 2009 geëindig het. R40 000 van die heffings is deur Lid B betaal tydens die periode 1 Julie 2008 tot 31 Desember 2008 en die balans van R60 000 is deur hom betaal tydens die periode 1 Januarie 2009 tot 30 Junie 2009. Soos in voorbeeld 1 hierbo genoem, bepaal Winetech dat sy lede die artikel 11D verhoogde toelaes in terme van byvoorbeeld, 60% van die N&O-heffings gefaktureer vir die tydperk 1 Januarie 2008 tot 31 Desember 2008 kan eis. Winetech het ook sy lede in kennis gestel dat hulle artikel 11D verhoogde aftrekking in terme van byvoorbeeld, 70% van die N&O-heffings gefaktureer vir die tydperk 1 Januarie 2009 tot 31 Desember 2009 kan eis. B sal dus nie net die R100 000 as 'n aftrekking vir belastingdoeleindes kan eis nie (soos hy in die verlede gedoen het) maar hy sal ook 'n **addisionele** R33 000 ($(R40\ 000 \times 60\% \times 50\%) + (R60\ 000 \times 70\% \times 50\%)$) as artikel 11D verhoogde aftrekking kan eis. Lid B sal dus daarop geregtig wees op 'n totale aftrekking van R133 000 in terme van die heffings deur hom aan Winetech betaal.

Neem asseblief kennis dat die addisionele aftrekking wat geeis kan word vir die periode 1 Oktober tot 31 Desember 2008 = [(werklike bedrae gefaktureer Oktober tot Desember 2008) x 59.31 % x 50 %].

Die persentasie vir 2009 (1 Januarie tot 31 Desember 2009) wat gebruik kan word vir die berekening van die addisionele aftrekking sal vroeg 2010 beskikbaar gestel word.

Indien nodig, skakel asseblief vir mnr Etienne le Grange by SAWIS (Tel: 021 807 5705).

Vriendelike groete



**MNR J H BOOYSEN
UITVOERENDE BESTUURDER**